
JonathanBall*Publishers*

# March 2026 Highlights
# Maart 2026 Hoogtepunte

## NON FICTION / NIEFIKSIE




***One Word* by Pepe Marais**
**9780624094432 | Tafelberg | Business | TPB | R350**

*One Word* reveals the transformative power of discovering and embedding your organisation's true purpose – captured in a single word.

In this thought-provoking and practical guide, based on the author's doctoral research and business experience of growing South Africa's most successful advertising and communication group, Joe Public, you will uncover a clear framework for translating corporate purpose into lived organisational culture.





***Op die spoor van die Stasiemoordenaar* deur Julian Jansen**
**9780624095200 | Tafelberg | Aktueel | TPB | R330**

Vir agt jaar het die sogenaamde Stasiemoordenaar die Kaapse Vlakte in sy greep gehou – van 1986 tot 1994 verdwyn 22 jong seuns spoorloos en die gemeenskap leef in vrees. Sommige van die seuns se liggame word later gevind, begrawe in vlak grafte in bosse en sandduine, met hulle hande agter hul rûe gebind. Meeste van die misdade is egter nooit opgelos nie en talle ouers soek steeds na die waarheid.

Norman Simons, 'n laerskoolonderwyser, is in hegtenis geneem, maar is in 1995 slegs skuldig bevind aan een van die moorde. Ná 28 jaar van gevangenisstraf is Simons op parool vrygelaat in 2023, met talle onbeantwoorde vrae. Waarom het ooggetuies destyds 'n ander man beskryf? Aan wie behoort die DNA wat op tonele gevind is?

Die gesoute joernalis en skrywer, Julian Jansen, volg die spoor van die Stasiemoordenaar en ondersoek hierdie donker raaisel wat steeds by die families en gemeenskap spook.




***Biltong en Dior* deur Louis Jansen van Vurren**
**9780624095231 | Tafelberg | Outobiografie | TPB | R320**

As grootoog seun in die ou Oos-Transvaal het Louis Jansen van Vuuren nooit kon dink dat hy die Franse kunswerke wat hy in sy pa se ensiklopedie bewonder het eendag in lewende lywe sou sien nie, wat nog te sê dat hy 'n château in die Franse platteland sou besit.

Sy liefde vir alles wat Frans is, is só aansteeklik dat 'n rits ander Suid-Afrikaners die afgelope paar jaar ook blyplekke in die Boussac-omgewing gekoop het. Soos hulle huise en selfs besighede inrig, drink die Suid-Afrikaners die Franse kultuur in, maar die Franse leer ook iets oor ons mense se onblusbare ondernemingsgees en gasvryheid.

Louis se kostelike en kleurvolle vertellings oor sy lewe in Frankryk word verryk met boeiende brokkies oor die Franse geskiedenis en raad vir hoe om te oorleef in 'n samelewing met 'n haas onleerbare taal en eiesoortige gewoontes.


Uiteindelik gee hierdie Afrikaanse Fransman se lewe in die vreemde hom ook 'n nuwe waardering vir sy tuisland en alles wat hom uniek Suid-Afrikaans maak.

---

BRIZA

# BRIZA


## Reprints / Herdrukke




***Animals Of Pilanesberg* by Burger & Niel Cillié**
**9780981448602 | Briza | Nature & Wildlife | PB | R150**

*Animals of Pilanesberg* by Burger and Niel Cillié is a compact identification guide to the wildlife of Pilanesberg National Park. The book, published by Game Parks Publishing, is a soft-cover field guide aimed at visitors and amateur naturalists. It features clear photographs, concise species accounts, habitat and behaviour notes, and practical identification tips.

A simple park map and quick-reference sections help readers locate and recognise common mammals, birds, reptiles and amphibians. The tone balances scientific accuracy with approachable language, making field visits more informative and enjoyable. Ideal as a pocket companion for Pilanesberg outings.





***Animals Of The Kgalagadi: ID Checklist & Map* by Burger & Niel Cillié**
**9781997457008 | Briza | Nature & Wildlife | PB | R50**

With this handy checklist, you can tick off all the animals you see as you explore the Kgalagadi National Park.

In this accompanying booklet to Animals of the Kgalagadi, the authors have listed the most common and regularly seen animal species in the park. Each entry is accompanied by a photo of 4.75 x 3cm, as well as basic information about each animal's size, habitat and diet.

A map of the Kgalagadi can also be found in the middle of the booklet.

# FICTION / FIKSIE




***Raiders*** **by Rudie van Rensburg**
**9780795803253 | Queillerie | Fiction | TPB | R365**

Five years ago, wealthy twin brothers vanished without a trace. Now, their remains have been found buried in a field in Cape Town's southern suburbs – a bullet hole in each skull.
Captain Kassie Kasselman and his sidekick Warrant Officer Rooi Els are tasked to investigate the case, but in total secrecy, since three detectives who originally looked into the brothers' disappearance were all murdered in cold blood.
A pitch-dark underworld, where ancient objects fetch millions of rands at black-market auctions, will not tolerate meddling.




***Die vuur huil*** **deur Allen Grootboom**
**9780624093152 | Tafelberg | Afrikaanse roman | PB | R290**

In die vroeë 1970's klim die een-en-twintigjarige Jakob Koetaan op 'n bus na Kaapstad. Teen hierdie tyd weet hy dat elke ingang en uitgang van elke plek in die Baai beman word in 'n soektog na hom.

Dit is nie die eerste keer dat hy hom met die Boere misgis nie. Hy was maar ses jaar oud toe die wetstoepasser sy mense soos beeste bymekaar geroep het met 'n brief van die regering wat gesê het: Ons vat nou Towerwater, julle familieplaas.

Jakob het geweet 'n mens moenie met die regering slaags raak nie. Kyk net wat het met sy pa gebeur. Sy ma het hom altyd vermaan om geweld te vermy, sy medemens lief te hê en om nooit sy drome prys te gee nie. Maar sý drome was van 'n môre . . . en van 'n plaas.
Toe die land begin brand, moes Jakob homself afvra: Is hy bereid om te baklei vir sy grond?




***Aan die hemeltrans*** **deur Anton Roodt**
**9780624094326 | Tafelberg | Afrikaanse roman | TPB | R340**

'n Indrukwekkende klooster, geleë in wat eens die vrugbare mieliedriehoek in die Vrystaat was, bied jaarliks 'n Passiespel aan waarop hulle alle hoop vestig vir oorlewing. Maar JC van Schouwenburg, wat die hoofrol vertolk, het onverklaarbaar verdwyn. Dapper de Wet, roosteler, gourmand en deurwinterde loodswaaier, word teen sy sin deur die Departement afgevaardig om vas te stel wat aan die gang is.

'n Verbeeldingryke, onthutsende roman wat die leser sal wegvoer na 'n ander wêreld.




***Malta Inferno* by Justin Fox**
**9781776195404 | Jonathan Ball Publishers | Fiction | TPB | R310**

Lieutenant Jack Pembroke's most dangerous mission yet.

It's the summer of 1942 and the fate of the Mediterranean hangs in the balance. After evacuating South African troops from Tobruk, Jack and his small escort ship, HMSAS Gannet, join a vital and secret convoy from Egypt to relieve the island of Malta, which is under siege.

Powerful German and Italian forces have been assembled to make sure the ships don't get through and the course of the war could well be determined by this mission, codenamed Operation Assegai.

However, reaching Malta is just the beginning. Gannet is chosen for a daring raid on an enemy-held island and the crew must join a commando in a lightning strike on a radar facility. It's a dangerous – but crucial – sortie with the odds heavily stacked against Jack and his men. And while his love affair with the Spanish beauty Alana is taking on troubling overtones, Jack is haunted by flashbacks to the mayhem of Dunkirk.

*Malta Inferno* is the fourth book in the thrilling Jack Pembroke series, each of which is a stand-alone story.




***Hortjies dig* deur Francois Toerien**
**9781776195404 | Human & Rousseau | Afrikaanse drama | PB | R200**

As ek terugkom wil ek jou bolig

nog as lanternglas om die gloeilamp waan,

en al die varsgeverfde hortjies dig,

waaragter liefde stil voltrek word saans.

Winter, 1991. Hetta is reeds vir die afgelope jaar 'n weduwee. In haar woonstel in Londen voer sy steeds gesprekke met haar oorlede man: die veelbesproke Afrikaanse digter Peter Blum. Maar dis Peter wat die meeste te sê het, veral oor taalskepping en die Afrikaanse literêre kanon. En natuurlik, die liefde.

In hierdie drama ondersoek Francois Toerien die invloed van emigrasie op 'n egpaar se huwelik, die behoefte aan erkenning en geloof in jouself, ten spyte van 'n gebrek aan waardering.

***Hortjies dig* is een van die oorspronklikste en tegelyk roerendste dramas wat onlangs in Afrikaans geskep is** – Naòmi Morgan

# CHRISTIAN / CHRISTELIK





***Helene de Kock Inspirasie-omnibus* deur Helene de Kock**
**9780796323859 | Lux Verbi | Fiksie | TPB | R340**

Helene de Kock se eerste Inspirasie-omnibus met twee verhale: *Kruispad vir Kara* en *Engel op die drumpel*.

*Kruispad vir Kara*: Kara Geertse het die wêreld aan haar voete. Maar sy staan voor 'n kruispad, en sy is sielalleen. Wat, of wie, gaan haar help om staande te bly?

*Engel op die drumpel*: Marli Jooste begin haar nuwe lewe op kampus maar sy word heen en weer gesleur tussen dit wat sy nog altyd geglo het en nuwe, opwindende dinge. Totdat Marli op 'n dag moet besluit oor die lewe of die dood.




***Liewer as lig* deur Juanita Aggenbach**
**9780796323910 | Lux Verbi | Fiksie | PB | R300**

*Dis hoe mens weet dat die Here werklik leef: Jy sien sy krag wanneer Hy jou splinternuut maak.*

Leah en Schalk leef die voorstedelike droom: Hulle is gelukkig getroud, het twee pragtige kinders en baie vriende, alles wat hul harte begeer. Schalk is Leah se beste vriend en 'n wonderlike pa. Tot Schalk begin om al minder tyd saam met sy familie deur te bring. Dit terwyl Barend Lubbe, die aantreklike nuwe onderhoof, simpatiek is teenoor Leah en haar 'n skouer bied om op te huil.

Schalk sluit aan by 'n Bybelstudiegroep en skielik is hy 'n ander mens. Hy drink glad nie meer saam met Leah en hulle vriende nie, en dit voel vir Leah of hy haar heeltyd

stilletjies veroordeel. Hul ou vriende vermy hom, daar is 'n groeiende kloof tussen hulle – en dan verloor Schalk boonop een van sy grootste kliënte. Kan hul lewe saam gered word? Sal Leah en Schalk leer om God se leiding van dag tot dag te vertrou?

JUANITA AGGENBACH se vyfde roman is 'n roerende verhaal oor tweede kanse, vergifnis en die krag van God se liefde en genade.




***Ontdek God se wil vir jou lewe* deur Joyce Meyer**
**9780796324030 | Lux Verbi | Christen-leefstyl | PB | R250**

Jy is geskep met 'n doel. Maar hoe kan jy seker wees dat jy God se wil vir jou lewe volg?

Die druk, afleidings en verwagtinge waarmee elkeen van ons gekonfronteer word, kan ons verward en angstig laat voel. Hoe weet jy dat jy jou roeping reg verstaan?

Die geliefde skrywer en TV-persoonlikheid Joyce Meyer nooi jou uit om saam met haar te ontdek wat die Bybel oor God se liefde en doel vir jou lewe sê. Joyce deel praktiese wenke en wys jou watter stappe om te neem om jou vertroue in God te bou, sy leiding te ontvang en die vrees te oorkom dat jy sy plan vir jou misloop.

As jy sukkel om God se stem te hoor en te verstaan watter soort mens Hy jou geskep het om te wees, sal hierdie boek vir jou groter vrede bring. Dit leer jou om in God se liefde te leef en te stap op die pad wat Hy vir jou in gedagte het.

**CLICK HERE TO REQUEST REVIEW COPIES**

KLIK HIER OM RESENSIE-EKSEMPLARE AAN TE VRA

**DEADLINE FOR REQUESTS: 20 FEBRUARY 2026**

SPERDATUM VIR VERSOEKE: 20 FEBRUARIE 2026

Jonathan Ball *Publishers*